**PREEKBLAADJIE VIR DV SONDAG, 3 MEI 2026**

***"En bring ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose"***
**(Matteus 6:13ab)**

Direk na die bede om vergifnis, volg **die gebed teen versoeking**. Versoeking is juis dit: om nie meer vanuit die vergifnis te leef nie. Die versoeking waarvan ons bewaar moet word, wil die vergifnis ongedaan kom maak en ons weer terugplaas in die kringloop van verwyte en beskuldigings en ondergang. Die oogmerk van versoeking is om my uit die greep van God se genade los te wikkel en my in die sfeer van eiegeregtigheid en eiesinnigheid te begewe. Ons weet mos hoe maklik ons van die genade en vergifnis weggelok word. Hoe heiliger jy leef, hoe hewiger word die versoeking. Die Heidelbergse Kategismus verklaar: *"Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarbý hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie"* (52/127). Met hierdie bede bely ons aan die een kant die werklikheid van die Bose se werksaamheid, maar aan die ander kant ons broosheid en ingebore neiging om aan versoekings toe te gee. Die bose drie-eenheid hou nie een sekonde op om 'n totale aanslag op ons bestaan te maak nie. Van die bose drie-eenheid moet ons inderdaad verlos word. Luther noem versoeking "aanvegting" met die doel om ons uit die genade van God weg te ruk.

Onthou egter dat ons hiermee **nie 'n saluut aan die Bose gee nie**. Sy verskriklike leeugebrul in sy soeke na iemand om te verslind (1 Pet. 5:8) is inderwaarheid sy doodsgeroggel. Aan die kruis roep Jesus triomfantlik uit: ***"Dit is volbring!"*** (Joh. 19:30). Paulus sê dat Christus die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon het deur hulle as gevangenes in sy triomftog mee te voer (Kol. 2:15). Die Bose is 'n gevaarlike vyand, maar **'n verslane vyand**!

Hier bid ons dat God, ons Vader so in ons sal werk **dat ons enige versoeking sal kan weerstaan en in versoeking tog bewaar sal word**. Ons ken **ons eie broosheid en die boosheid van ons hart** en daarom vlug ons na God toe. Andermaal help die Kategismus ons om hierdie bede beter te verstaan: *"Wil U ons tog deur die krag van die Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal"* (52/127). Dié oorwinning is moontlik deurdat God sy Seun, Jesus Christus na die wêreld toe gestuur het om die planne van die bose drie-eenheid te stuit en te fnuik. **God vra nooit van ons iets wat Hy nie reeds in Christus vir ons gedoen het nie.**

Jesus se hele lewe staan **in die teken van versoeking en aanvegting**. Dink aan die duiwel se versoeking van Jesus in die woestyn (Matt. 4:1evv). Die Hebreër-preek sê aangaande Jesus: *"Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie"* (Heb. 4:15). Met hierdie bede bid ons dat Christus se oorwinnaarskrag in ons werksaam sal bly, terwyl ons in Hom skuil teen die aanslae van die bose drie-eenheid. *"Want sy krag is genoeg om sy kerk in versoeking in stand te hou, genoeg om ons te laat volhard, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal*" (HK 52/127).

Hierdie bede is **'n klassieke sendinggebed** en met ons blik op die uithoeke van die wêreld, vra ons dat die groot verlossing wat in Christus bewerk is en aangebreek het, die enorme verlorenheid van die ganse mensdom sal ophef.

**Die "ons" is hier 'n dankbare ons, maar 'n dringend-pleitende ons**. Dis die roepe van 'n drenkeling wat die reddingsboei gevind het en vra dat ander dit tog ook mag vind.

Dis ook **'n wederkoms-gebed** om die finale verlossing van hierdie ellendige wêreld. Dis 'n gebed van hoop. Dat daar 'n dag sal aanbreek wanneer alles wat die heerlike en volmaakte verlossing nog teëhou uit die weggeruim sal word en dat die tentakels van die Bose finaal en eens en vir altyd van hierdie wêreld losgeruk mag word. Ons bly bid en hoop op 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde!

**Besprekingsvrae:**

1. Deel met mekaar waar in jou lewe verduur jy versoekings of aanvegtings. Beskryf dit. Hoe hanteer jy dit?
2. Versoekings het te doen met die ongedaan maak van die Here se genade in jou lewe. Stryd teen versoekings is sinoniem met jou rus en vertroue in die Here se genade. Hoe help dit jou in die hitte van die stryd?
3. Volharding van gelowiges is in hierdie bede ter sprake. Om in die pylvak van die geloofswedloop vas te byt ondanks vermoeidheid, moet ons staande bly en volhard. Wat (of eerder Wie) laat jou vasbyt in die geloofswedloop?
4. Die laaste bede van die Ons Vader-gebed is 'n sending- en wederkomsgebed. Watter perspektiewe het hierdie beskrywing van die laaste bede vir jou geopen?
5. Mense is óf geneig om die Bose te oorskat óf te onderskat. Waar staan jy hieroor? Formuleer saam 'n standpunt
6. Deel met mekaar wat die reeks oor die Ons Vader-gebed vir julle beteken het.